SOEK MY AANGESIG

Psalm 27:8

'n Praktiese gids oor hoe om vir een uur te waak en te bid

1. Soek Sy aangesig deur Sy Naam aan te roep (5 min)

Jahwe, die bron van alle standvastigheid en bemoediging (Rom.15:5), God van medelye, genadige God (Eks.34:6), El-Shaddai (die Algenoegsame; die Almagtige) (Gen.17:1), Jahwe-Jire (Die Here wat voorsien) (Gen.22:14), Jahwe-Rofeka (die Here wat jou gesondmaak) (Eks.15:26), Jahwe-Shalom (die Here gee rus/vrede) (Ps.35:27), die Here van die hele wêreld (Mig.4:13) Jesus Christus is die weg, die waarheid en die lewe (Joh.14:6), Hy is die krag en die wysheid van God (1 Kor.1:24), die Lam in die middel van die troon (Op.7:17), die Lam wat geslag is (Op.5:12), die hoop van God se heerlikheid (Kol. 1:26); die Gees van vrymaking, insig, raad en sterkte, kennis en eerbied vir die Here (Jes.11:2), genade en smeking, heiligheid, liefde, waarheid, krag, selfbeheer, wysheid en openbaring van die kennis van God, die Gees van heerlikheid.

2. Soek Sy aangesig deur vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:

- Is daar onbelyde sonde in my lewe?
- Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
- Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe?
- Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?
- Bely ek Jesus onbeskaamd?

3. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (5 min)

1._____**2.** _____

3._____**4.** _____

5._____

Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes.

4. Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur die kerk sigbaar sal word (5 min)

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

En/of

Soek Sy aangesig namens die kerk (5 min)

- Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13)
- Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer – om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28:18-20)
- Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef – dat hulle na hul gemeenskap op relevante wyse sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt.22:37-40)
- Dat die Kerk Woord-getrou sal wees
- Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes: verdeeldheid, trots, jaloesie, ens.

5. Soek Sy aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

6. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let. Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.

7. Soek Sy aangesig deur die Woord te bid (5 min)

Begin deur stelselmatig deur die Psalms te bid. Lees en bid elke keer deur 2-3 Psalms.

8. Soek Sy aangesig deur te bid vir deurbrake ten opsigte van die volgende sake wêreldwyd (5 min)

1. Die MIV/VIGS pandemie en onsedelikheid, perversiteit en prostitusie
2. Die groeiende getal arm en behoeftige mense, onreg en skadelike optredes en dade
3. Korrupsie op alle vlakke, onheilige verbonde

4. Die vervolgde kerk in baie lande
5. Oorloë, bloedvergieting, en etniese geweld - bid ook vir die miljoene vlugtelinge
6. Mishandeling en uitbuiting van vroue en kinders, aborsie
7. Rassisme en rassehaat en etniese trots
8. Towery en afgodsdiens

9. Soek Sy aangesig vir die nasies (5 min)

Skryf die name van vyf lande neer en bid vir hulle

1._____**2.** _____

3._____**4.** _____

5._____

1. Vir die uitstorting van die Heilige Gees op die Kerk
2. Vir 'n sendingontwaking in plaaslike gemeentes, vir die bereiking van die onbereiktes met die Evangelie. (Mark. 16:15-19)
3. Vir volwasse en godvresende geestelikeleiers
4. Vir die vermenigvuldiging van toegewyde volgelinge van Christus
5. Bid dat die Here Sy vrede en heerlikheid oor lande en nasies sal uitstort, dat God nasies sal seën en vir die herstel en heling van volkere
6. Bid dat konings en regerings hulle sal onderwerp aan die heerskappy van Jesus as die Koning van die konings. (Jes.49:7)

10. Soek Sy aangesig vir leiers en leraars (5 min)

1. Vir bekwame, godvresende manne en vroue wat staan vir die Waarheid en wat afgunstigheid haat. (Ex.18:21)
2. Manne en vroue wat bid, wat heilige hande ophef sonder weerwraak of twyfel. (1 Tim. 2:8)
3. Vir herders en leiers na God se hart, wat Sy volk sal voed met kennis en verstaan van die Woord. (Jer. 3:15)
4. Vir apostels, profete, evangeliste, herders en leraars – vervul met die Heilige Gees en liefde vir die Here Jesus, om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en wat die Liggaam van Christus so opbou, dat Christus gestalte in ons kry.
5. Vir toegewyde manne en vroue, wat die goedkeuring van God wegdra, wat die Woord van die Waarheid suiwer verkondig, gewillig om ontbering te dra, voorwerpe vir besondere gebruik, geheilig en bruikbaar vir die Meester, voorbereid vir elke goeie werk, wat sinnelose argumente vermy, wat nie kwaad stook nie, sagmoedig, geduldig en nederig; betroubare manne en vroue, bekwaam om ander te leer. (2 Tim.2:1-22)

En/of

Soek Sy aangesig deur te bid vir die jeug (5 min)

1. Dat hierdie generasie jongmense hulle eie generasie sal bereik met die evangelie.
2. Dat jongmense 'n nuwe intimiteit en gehoorsaamheid tot God sal bereik.
3. Vir radikale, gehoorsame dissipels wat in heiligheid lewe.
4. Om die Here radikaal te dien en Hom blindelings te volg.
5. Vir medelydende harte, om selfs die armste en ellendigste mense te bereik en hulle te dien.

11. Soek Sy aangesig vir versoening van mense met God en met mekaar (5 min)

1. Bid dat nasies sal bely waar hulle hul eie mense en ander nasies seergemaak, onderdruk en misbruik het.
2. Bid vir versoening op alle vlakke (in gesinne, onderdrukking van vroue en kinders, tussen kerke en denominasies, etniese groepe of rasse, tussen lande, ens.).
3. Bid vir die verbreking van vestings, strukture en politieke stelsels wat die lewens van mense vernietig.
4. Bid dat indiwidue, gesinne en etniese groepe ander sal vergewe wat hulle geweld aangedoen het.
5. Bid dat mense mekaar sal vergewe, vergoed en seën.

En/Of Soek Sy Aangesig vir die bevryding van mense vanuit towery en afgodery

1. Dat mense enige aandadigheid aan towery of afgodery sal bely.
2. Dat mense sal proklameer dat Jesus Christus die Enigste Here is – die Weg, die Waarheid en die Lewe. (1 Kor.12:3, Rom.10:12, Joh.14:6)
3. Dat mense sal proklameer dat Jesus die Enigste en Algenoegsame Middelaar tussen God en mense is. (1 Tim. 2:5)
4. Dat mense sal proklameer dat die bloed en offer van Jesus aan die kruis voldoende is vir ons versoening met God. (Heb.10:19, Ef.2:13)
5. Dat mense sal proklameer dat God deur die Heilige Gees valse gode aan mense sal openbaar. (2 Kor.6:14-18)

12. Soek Sy aangesig met lofprysing en aanbidding

Sluit jou gebedstyd af met lofprysing en aanbidding. Dank die Here vir Sy goedheid. Seën mense wat in jou gedagtes opkom, in die Naam van die Here Jesus Christus.